



AFRIKAANS
WEEK 5 DAG 4

Graad 7

Aktiwiteit 6 Taal in konteks

Kaalvoet is die beste terapie

- 1 Die gemiddelde mens (a. ____) 70 kg se voete dra daáagliks 'n "vrag" van meer as 2 500 t. Dis gelyk (b. ____) vier Eurostar-treine!
- 2 'n Vrou wat 60 kg weeg en (c. ____) spykerhakke rondloop, oefen 28 keer meer druk uit op daardie hakkie as wat 'n olifant van 2,6 t op elk van sy groot voete plaas.
- 3 Tydens 'n persoon se volwasse lewe dra die voete 858 480 t per jaar, oftewel twee keer die gewig van die Statue of Liberty (d. ____) New York.
- 4 Die gemiddelde mens loop in 'n leeftyd sowat 128 747 km. Dis gelyk aan meer as 3 000 **standaard-marathons** van 42,2 km, of **drie** keer (e. ____) die aarde.
- 5 Ons moet ons voete baie meer respekteer en eintlik om verskoning vra (f. ____) die manier waarop ons hulle behandel.
- 6 Kaalvoete en gras is, volgens die mense wat weet, soos roomys en sjokoladesous.

Voltooi Aktiwiteit 6 p.93 voordat jy Dag 5 se werk doen

1. Vul die ontbrekende voorsetsels by (a) – (f) in.
2. Benoem die volgende telwoorde.
 - a) 60 kg (paragraaf 2)
 - b) drie (paragraaf 4)
3.
 - a) Waarom word “Eurostar-treine” met ’n koppelteken geskryf?
 - b) Op watter ander manier kan dit geskryf word?
4. Waarom word “standaard-marathons” in paragraaf 4 met ’n koppelteken geskryf?
5. Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm.
 - a) ’n Olifant plaas 2,6 ton op elke voet.
 - b) Vroue het altyd spykerhakke gedra.
 - c) Ek sal altyd roomys en sjokoladesous as poeding kies!
6.
 - a) Waarom word **oumas** en **ma’s** se meervoude verskillend geskryf?
 - b) Hoekom het **Du Toitjie** nie ’n afkappingsteken nie, maar **Du Plessis’tjie** wel?
 - c) Verduidelik waarom woorde soos **marimba**, **maroela** en **kaia** nie ’n afkappings-s in die meervoud of verkleining nodig het nie.
7. Gebruik ’n woordeboek en slaan die betekenis van die idiome na.
 - a) Met die verkeerde voet uit die bed klim.
 - b) Hy val oor sy eie voete.
8. Kyk hoeveel idiome en vaste uitdrukkings met “voete” jy nog kan opspoor.